


Dis Kamptyd vir die Graad Sewes



Saterdag 29 September tot Woensdag 3 Oktober

Aan alle Graad 7 leerders van 2018

Hallo julle!

Jy's een van 'n paar Graad Sewes wat binnekort deel kan hê aan 'n baie cool xperience!
Hier teen die einde van jou laerskoolloopbaan gee ons jou iets fantasties voordat jy volgende jaar na die hoërskool gaan.

Of dit vir jou iets gaan beteken, hang net van jou af. Want sien, jy moet betyds op hierdie uitnodiging reageer om te kan saamgaan. Stel jy uit, mis jy voorwaar vet pret.

So . . . Just keep on reading keep on reading!

WAAR: VCSV Kampterrein A Waterval naby Tulbagh (Check bietjie rond, daars 'n kaart, so jy benodig nie eintlik 'n GPS nie.)

WANNEER: Saterdag 29 September om 11:00 tot Woensdag 3 Okt om 11:00

WAT GEBEUR DAAR?:

- † Legend stuff, mal plesier, ontspanning en amazing verrassings, ons gaan behoorlik BOS . . en natuurlik; ons gaan EET, lekker kampkos eet!
- † Kans om 'n huge klomp nuwe vriende te maak. Imagine net hoeveel nuwe contacts jy gaan kry.
- † Die kans om dit waaroor jy dalk al lankal wonder te sê (vra?) en beantwoord te kry.
- † Lofprysing en sang soos wat jy nog nooit beleef het nie.
- † Jy gaan die water van Waterval voel en proe WOW!!!!
- † Na die kamp gaan jy beslis anders voel en dink oor jouself, ander mense, jou onderwysers, ouers en veral oor die Here!
- † Jy sal leer om regtig voluit te leef, want as jy Hom nog nie ken nie, gaan ons jou voorstel aan Jesus, en Hy bring genuïne verskil!

Want: IT'S HIS LOVE THAT MAKES THE WORLD GO ROUND.

HOEVEEL: R 550.00 per persoon. Elkeen sorg self vir vervoer.

SLUITINGSDATUM: Op Vrydag 7 September moet jou inskrywingsvormpie en geld (R 550.00) asb by jou onderwyser of die organiseerder wees. Kyk op die inskrywingsvorm vir maniere om te betaal.


AS JY SO 'N KANS LAAT "SLIP", MIS JY GROOT UIT!

Navrae: Kampleier Albie Boonzaaier
Selfoon: 082 379 0450
Adres: Posbus 140, LANGEBAAN, 7357

Stuur inskrywingsvorm aan: E-pos: watervalh2o@gmail.com
Faks: 086 660 1467

JOU INSKRYWINGSVORMPIE IS HIERBY AANGEHEG!

Goed: Wat bring ek saam, en wat nie?
(asook 'n versoek of 2, spesifiek vir die oë van pa, ma of voog)



- **Leesgoed:** Bybel en Skryfding.
- **Snoozegoed:** Slaapsak, kombes en kussing - soveel dat jy nie koud kry nie (NB: Seuns bring asb eie matrassie saam indien moontlik.)
- **Dragoed:** Gemaklike kampklere, nie jou beste nie, maar genoeg vir die koue. Toiletgoed. Swemklere. Meisies, los kosbaarhede soos juwele tuis
- **Munchgoed:** Bord, lepel en beker - onthou daar is niks as jy joune vergeet het nie.
- **Chingching-goed:** Geld vir die snoepie en dinge soos geestelike kaartjies en ander.
- **Nog munchgoed:** Koekies en beskuit vir die kombuis om teetyd met **almal te deel.** (Vrywillig)
- **Electronixgoed:** Vergeet asseblief jou IPod en of MP3speler by die huis.
- **Chatgoed (Selfone).**
(1) Die kamporganiseerders neem **geen verantwoordelikheid** vir die **veiligheid** van selfone nie.
(2) As jou selfoon egter na ons mening veroorsaak dat jy nie by die kampprogram inskakel nie, sal ons verplig wees om op te tree.

Kennisgewing aan ouers en voogde:

Geen kind mag by die kampterrein kom haal word indien dit nie met die kampleier gereël is nie.

Reël asb **vooraf** met die kampleier Albie Boonzaaier by 082 379 0450 .

Betaalwyse:

Kampgelde (alles insluitende behalwe vervoer) beloop **R 550.00**

- (I) **Internet- elektroniese (EFT)**, asook **toonbankdepositos** word verkies en kan gedoen word aan:

ABSA bank: JA Boonzaaier Tak kode 632 005 Rek nr. 925 1220 565

Indien bogenoemde betaalwyse nie moontlik is nie, kan


- (II) die **kontantopsie** ook gevolg word, of (III) 'n **tjek** uitgemaak word aan JA Boonzaaier)

NB: In geval van **direkte inbetalings**, is 'n **identifiserende betalingsbewys kardinaal noodsaaklik (Verw: Kind se naam en skool)**, so nie is die administrasie baie ingewikkeld.

Faks asseblief die betalingsbewys na 086 660 1467 of Epos na watervalh2o@gmail.com

VCSV Waterval A Kampterrein Uitspan

Kampterrein **A** (Uitspan), GPS S33 20.359 E19 07.327



INSKRYWINGSVORMPIE

Graad Sewes

Voltooi asseblief onderstaande in duidelike blokletters ('n swart pen asb) en gee dit, saam met jou **betaling** van R 550.00 (of bewys daarvan) aan jou onderwyser voor of op **Vrydag, 7 September 2018**.

Van: Noemnaam: Skool:

Ek is 'n: Seun: Dogter:

Huisadres:

Mediese fondsbesonderhede:

Telefoon tuis:

Naam:
Nommer:
Allergies vir?:

Selfoon (my eie):

Besonderhede van Ouer/Voog:

Titel: _____ Voorletters: _____ Van: _____

Posadres: _____ Poskode: _____

Tel: _____ Selfoon: _____

E Posadres: _____

VRYWARING

Hiermee gee ek as ouer/voog toestemming dat my kind die kamp vir Graad 7 leerders te Waterval, vanaf 29 September tot 3 Oktober 2018 mag bywoon. Ek aanvaar dat die leiers sover as wat dit moontlik is die veiligheid van my kind sal probeer verseker, maar dat hulle of die VCSV nie aanspreeklik gehou kan word vir enige beserings, siekte of ongeval van enige aard nie.

Geteken:

Datum: